

Dinsdag 3 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 25:6-9

Fokusgedeelte: Jesaja 25:6-9

Nagmaal laat ons met verlange uitsien na die dag van volmaakte troos

Israel het die verbond met God verbreek. Die Here het hulle tot berou en bekering opgeroep, maar daar was verharding. Die gevolg van hulle verharding – dit verkondig die profeet Jesaja – is die oordeel van die Here oor sy ontroue volk. Ook die volke wat as tugroede gebruik is, sal egter onder die oordeel van die Here kom.

Tog is daar hoop ánderkant die oordeel! Die Here sal vir Hom 'n oorblyfsel bewaar en terugbring na Sion, en nasies wat aan die oordeel ontkom het, sal in die heil van God deel. Hulle sal saam met die oorblyfsel van die volk die vreugde van gemeenskap met Israel se God smaak (die feesmaal is heenwy-sing na gemeenskap met God, vs 6).

Dit is in hierdie gemeenskap, só profeteer Jesaja, waar daar nie meer droefheid en rou sal wees nie (die doek as teken van rou word verwyder, vs 7). Die dood word vernietig. Trane sal afgedroog word (vs 8). Sy volk word in eer herstel (vs 8).

Wanneer ons die Nagmaal vier, dan wek dit in ons ook die verlange na die Bruislofsmaal van die Lam. Na die volmaakte, herstelde gemeenskap God in die Nuwe Jerusalem. Daardie herstelde gemeenskap waarin ons volmaakte troos sal ontvang omdat Christus ons deur sy kruisdood met God versoen het!

Sing: Skrifberyming 3-3:1-6

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)